PPE KONTROLELYS

MASKED HEROES
SUPPORTING COMMUNITY CARE WORKERS

WANNEER JOU WERK VEREIS DAT JY IN MENSE SE HUISE MOET INGAAN...

- **Skroef die doppie** van een van die 500 ml-spuitbottels wat jy ontvang het af en voeg een eetlepel (15 ml) Jik by.
- **Maak dit vol skoon water** en draai dit styf toe. (HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS: indien 'n kind die middel inkry, gee vir haar baie water om te drink en gaan dadelik kliniek toe, maar moenie probeer om haar te laat opgooi nie.)
- **Sit die bottel in jou sak** saam met 'n skoonmaak lappie en die korrekte PPE vir tuisbesoeke (sien onder).

WAT OM TE DOEN WANNEER JY IN 'N HUIS INGAAN...

- **Dra die korrekte PPE** vir die tuisbesoek. Kyk na die tabel hieronder vir meer inligting.
- **As jy vermoed dat iemand in die huis Covid het,** gee vir hulle 'n **Tipe I-masker** om te dra.
- **Was jou hande** indien daar seep en lopende water is, of vryf dit skoon met ontsmettingsmiddel wat 'n alkoholbasis het.
- **Tensy jy iemand se persoonlike versorger is,** bly 2 meter weg van 'n persoon wat koors het, wat hoes of siek voel.
- **Spuit enige tafels, bed of toonbanke** waaraan jy dalk kan vat met die Jik-spuitmiddel.

WATTER PPE HET JY NODIG?

		MASKER			HANDSKOENE	BRIL	VOORSKOOT	OORJAS
		N95*	TIPE II	TIPE I				
PASIËNT IS BESMET MET COVID	Pasiënt is baie siek of hoes en jou werk vereis dat jy aan hom/haar moet vat							
	VIR JOU	★			★	★	★	★
	vir die pasiënt			★				
	Pasiënt is nie baie siek nie en jy gaan nie aan hom/haar vat nie							
	VIR JOU		★		★	★	★	★
	vir die pasiënt			★				
PASIËNT HET VERMOEDELIK COVID	VIR JOU		★		★	★	★	
	vir die pasiënt			★				
NIEMAND IN DIE HUIS HET VERMOEDELIK COVID NIE EN NIEMAND IS MET COVID GEDIAGNOSEER NIE	VIR JOU			★	★			

* Indien 'n N95 nie beskikbaar is nie, gebruik Tipe II-masker
** Indien daar nie genoeg Tipe I-maskers vir pasiënte is nie, laat hulle lapmaskers dra
*** 'n Gesigskerm kan in plaas van 'n bril gebruik word

WANNEER JY VERTREK...

- **Laat die pasiënt** sy of haar masker hou!
- **Gebruik die Jik-spuitmiddel** om die oppervlakke weer skoon te spuit indien jy enige prosedures gedoen het.
- **Was jou hande** of vryf dit skoon met 'n ontsmettingsmiddel wat 'n alkoholbasis het.
- **Plaas enige besmette items** in 'n plastieksak.
- **Laat die familie verstaan** dat jy vir hulle omgee.

WANNEER JY BY DIE HUIS KOM...

- **Verwyder die PPE versigtig** en raak daarvan ontslae soos jy geleer is.
- **Gaan stort** indien jy lopende water het.
- **Ontspan** en bring tyd saam met jou familie deur.

Masked Heroes is a national campaign to support, equip and inspire community care workers delivering professional services during the COVID19 outbreak in South Africa. The campaign - coordinated by the DG Murray in partnership with REDISA and the Centre for Learning on Evaluation and Results at the University of the Witwatersrand - will provide personal protective equipment, psychosocial support, information and communication to thousands of community care workers across the country. Funding has been provided by the Solidarity Fund, Elma South Africa Foundation, Coca-Cola South Africa, Johnson and Johnson Foundation, Entertainment Industry Foundation, Charlize Theron Africa Outreach Project and the Goldsmith Foundation.